VERGILIUS

ECLOGAE en GEORGICA

741

DOCUMENTA 27
UNISA 1983

Portret van Vergilius op 'n mosaïek in die vloer van 'n Romeinse villa wat in 1896 te Sousse in Tunisië opgegrawe is. Dit dateer uit die eerste eeu n.C. Aan Vergilius se linkerkant staan die Melpomene, muse van Tragedie (let op die tragedie-masker in haar hand). Aan sy regterkand staan Clio, muse van Geskiedenis.

Publius Vergilius Maro

ECLOGAE en GEORGICA

Uit die oorspronklike Latyn vertaal
deur
J.T. Benade

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA
PRETORIA
1983

© 1983 Universiteit van Suid-Afrika
Alle regte behou

ISBN 0 86981 234 3

Gedruk deur
V & R Drukkery (Edms) Bpk.
Pretoria

Uitgegee deur die
Universiteit van Suid-Afrika
Muckleneuk, Pretoria

Aan my vrou, Bessie

Voorwoord

Na my wete bestaan daar nog nie 'n Afrikaanse prosavertaling van Vergilius se *Eclogae (Bucolica)* nie. Wyle prof. T.J. Haarhoff se prosavertaling van die *Georgica* wat alreeds in 1925 in sy bundel *Die Romeinse Boer* verskyn het, is welbekend. Sedertdien, egter, het sowel die Afrikaanse taal as die navorsing m.b.t. die teks en interpretasie van Vergilius se gedigte met rasse skrede vooruitgegaan, met die gevolg dat gemelde vertaling ietwat verouder geraak het. Ook N.A. Blanckenberg se hoogs verdienstelike versvertaling *(Vergilius : Landelike Poësie : Bucolica, Georgica,* H.A.U.M., Kaapstad, 1975) wat onder dwang van die metrum noodwendig passim iets van die teks onvertaal moes laat, of iets wat nie in die teks staan nie moes byvoeg, voldoen nie algeheel aan die behoeftes van die Latynstudent nie. Daarom glo ek dat 'n nuwe prosavertaling van hierdie beroemde gedigte van Vergilius vir die Latynstudent noodsaaklik geword het. Ek vertrou dat die vertaling wat ek hier bied, hoewel nog steeds onvolmaak, tot effektiewer hulp vir die Latynstudent sal wees, maar tog ook aan die breër leserspubliek genot sal verskaf.

As basis vir my vertaling het ek die Vergiliusteks van Sir Roger Mynors in die Oxford Classical Texts-reeks (1969) benut. Waar ek 'n ander lesing volg, word dit in 'n voetnoot aangedui. Daarbenewens het ek dankbaar gebruik gemaak van nuttige wenke, frappante sinswendinge en pittige interpretasies in die reeds genoemde Afrikaanse vertalings van Haarhoff en Blanckenberg,

C. van Zuylichem se Nederlandse prosavertaling van die *Georgica (Vergilius : Georgica*[3]*,* Antwerpen, 1973), Marc Moonen se Nederlandse versvertaling van die *Eclogae (Vergilius : Bucolica*[2]*,* Antwerpen, 1964), H.R. Fairclouch se Engelse prosavertaling *(Vergil : Eclogues, Georgics, Aeneid 1-6,* W. Heinemann, London, 1957). C. Day Lewis se Engelse versvertaling *(The Eclogues, Georgics and Aeneid of Vergil*[3]*,* O.U.P., 1974), en F. Klingner se Duitse vertaling van die *Eclogae (Vergil : Bucolica, Georgica, Aeneis,* Zurich 1967).

Verwysings na T.E. Page, Will Richter en R. Coleman in die voetnotas, verwys na hul werke *Vergil : Bucolics and Georgics,* MacMillan, London 1968, *Vergil : Georgica,* Max Hueber, München 1957, en *Vergil : Ecologues,* Cambridge U.P. 1977 respektiewelik.

Met groot genoeë spreek ek ook my dank uit teenoor Prof. D.M. Kriel van die Universiteit van Pretoria vir sy skerpsinnige kontrolering van my vertaling van die *Eclogae,* en teenoor my mentor, prof. H.L. Gonin, tans van Unisa, vir sy konstante bemoediging en sorgvuldige nagaan van my vertaling van Georgicon IV.

Ten slotte bied ek langs hierdie weg my opregte dank aan die Universiteit van die Noorde vir hulp met tikwerk, veral aan mev. R. Otto vir haar onvermoeide ywer om die manuskrip finaal gereed te kry, en aan die Universiteit van Suid-Afrika vir hulle bereidwilligheid om die werk uit te gee.

J.T. BENADE

Universiteit van die Noorde
Maart 1979

Inhoud

'n Faksimilee en transkripsie van enkele verse uit die oorspronklike handgeskrewe manuskrip van die Georgica **x**

INLEIDING **1**
Eclogae **1**
Georgica **3**

ECLOGAE
Ecloga I: Tityrus (Tityrus en Meliboeus) **7**
Ecloga II: Alexis **10**
Ecloga III: Palaemon (Menalcas en Damoetas) **13**
Ecloga IV: Pollio en die Goue Eeu **18**
Ecloga V: Daphnis (Menalcus en Mopsus) **21**
Ecloga VI: Varus **26**
Ecloga VII: Meliboeus (Meliboeus, Corydon en Thyrsis) **28**

Ecloga VIII: Pharmaceutria (Damon en Alphesiboeus) **31**
Ecloga IX: Moeris (Lycidas en Moeris) **36**
Ecloga X: Gallus **39**

GEORGICA
Georgicon I: Akkerbou **45**
Georgicon II: Bome en wingerdbou **59**
Georgicon III: Veeboerdery **74**
Georgicon IV: Bye en byeboerdery **90**

NOTAS **106**



'n Faksimilee van enkele verse uit die oorspronklike handgeskrewe manuskrip van die GEORGICA. Dit is in die capitalis quadrata *lettertipe op perkament geskryf en dateer uit die 4e of 5e eeu n.C.*

Quis si nec potuere seri nec surgere messis
vomis et inflexi primum grave robur aratri
tardaque Eleusine matris volventia plaustra
tribulaeque trahaeque et iniquo pondere rastri
5 *virgea praeterea Caelei vilisque supplex*
arbuteae crates et mystica vannus Iacchi
omnia quae multo ante memor provisa repones
sit te digna manent divini gloria ruris
continuo in silvis magna vi flexa domatur
10 *in burim et curvi formam accepit ulmus aratri*
huic a stirpe pedes temo protentus in octo
binae aures duplici aptantur dentalia dorso
caeditur et tilia ante iugo levis altaque fagus
stiua quaeque currus a tergo torqueat imos

'n Transkripsie van die vorige bladsy

1

Inleiding

DIE ECLOGAE

Met sy eersteling-bundel, die *Bucolica,*[1] ook genoem *Eclogae,*[2] het Vergilius Rome se eerste digter van bukoliese of pastorale poësie geword. Hy was egter nie self die uitvinder van hierdie genre nie, want daardie verdienste kom 'n Griekse digter van die derde eeu v.C. toe – Theocritus van Syracusa in Sicilië. Daarbenewens het Theocritus se onmiddellike opvolgers, Moschus (fl. c.150 v.C.) en Bion (c.100 v.C.) ook betekenisvolle bydraes gelewer tot die ontwikkeling van hierdie genre voordat Vergilius sy hand daaraan gewaag het.

Pastorale poësie het ontstaan uit 'n reaksie van gesofistikeerde stedelinge[3] teen die kompleksiteit van die stadskultuur en hul hunkering na plattelandse eenvoud en kontak met die vrye natuur. 'n Sterk faktor in die ontwikkeling van hierdie soort poësie was die mitologiese tradisie dat daar eens in die ver-verre verlede, nog voor die totstandkoming van beskawing en stede en handel en nywerheid, 'n Goue Eeu bestaan het toe die mens in ongestoorde, ongeordende vrede, rustig in onskuld en gemak sy voedsel sonder arbeid of inspanning van die milde aarde ontvang het. Uit hierdie toestand sou daar toe 'n pastorale kultuur ontstaan het, waarin die mens vir die eerste maal begin het om vir hom huisdiere mak te maak. Na die totstandkoming van stede het die herders hul kuddes onverpoos op die velde versorg, en steeds onaangeraak gebly deur die onaangename uitvloeisels en spanninge van die komplekse lewe in die stad. Vandaar die idealisering van die herder se lewe in pastorale poësie, 'n geïdealiseerde voorstelling waarby die mite van die Goue Eeu ongedwonge betrek kon word.

Gedagtig aan die afgryslike burgeroorloë tydens Vergilius se leeftyd, en ook aan die klaaglike lot van menige eertyds gelukkige plattelander in die stede, kan ons goed begryp waarom sy sensitiewe digtersiel allereers in die pastorale poësie die instrument gesien het waarmee hy sy eie, en sy volk se hunkering na vrede en geluk kon uitbeeld.

Hoewel die pastorale mite van Theocritus sy model was, en hoewel hy ook verskeie vernuwende temas van Moschus en Bion benut het, het hierdie genre in Vergilius se hande verdere betekenisvolle vernuwing ondergaan. In die tien gedigte waaruit die *Eclogae* bestaan, vind ons nog die konvensionele dramatiese vorm – dialoog of monoloog – en ook nog al die konvensionele temas: genieting van ongerepte natuurskoon, liefde vir musiek en sang, sangwedstryde, opregte vriendskap, lofwaardige godsdienssin, die liefdesvreug en -smart van die herders. Maar by Vergilius word die eksotiese planteryk en landskap van die mitiese Arkadië, die tuiste van sy herders, plek-plek verdring deur die ryk bodem en natuurskoon van die Italiaanse platteland (vgl. o.a. *Ecl.* I, 46-58; II, 45-55; IX, 7-10), en word kontemporêre persoonlikhede en aktiwiteite direk en ondubbelsinnig met die mitiese wêreld in verband gebring. Soms word die mitiese illusie hierdeur versteur (vgl. bv. *Ecl.* III met sy ongeïntegreerde verwysings na Varus, Varius en Cinna) maar merendeel is sulke verwysings kunsvol met die mite verweef. Nieteenstaande hul Griekse name, is dit uit die konteks duidelik dat Meliboeus in *Ecl.* I, en Moeris en Menalcas in *Ecl.* IX Romeinse burgers is, en besef ons terdeë dat albei gedigte direk betrokke is by die onteiening en verdwyning van die Italiese kleinboer van sy grond in die laat veertigerjare v.C., 'n onreg wat Vergilius persoonlik gely het toe sy erfplasie naby Mantua onteien is.

Nog intenser beleef ons kontemporêre politieke gebeure as Vergilius in *Ecl.* V homself voorstel as die pastorale figuur Menalcas, en die vermoorde Julius Caesar as Daphnis. Die dood en vergoding van die konvensionele mite se Siciliese held Daphnis, verwys onteenseglik na die dood en vergoding van Julius Caesar in 44 v.C. Die digter se politieke simpatie is maklik kenbaar uit Menalcas se loflied oor Daphnis (vv. 56-80), en sy vertroue in die toekoms van sy volk onder leiding van die jongman Octavianus spreek duidelik uit sy bereoemde *Ecl.* IV, waarin die digter voorspel dat daar binnekort 'n goddelike kind gebore sou word in wie se leeftyd 'n nuwe Goue Eeu tot stand sou kom – 'n kind wat deur latere geleerdes, o.a. die kerkvader Augustinus, verkeerdelik met die Christuskind geïdentifiseer is. Deur op hierdie wyse uiting te gee aan sy onwrikbare vertroue het die digter wat so diep betrokke was by die wel en wee van sy volk, nuwe hoop aan sy verwarde mense voorgehou. Die

konvensionele Goue Eeu word hier vir die eerste maal uitgebeeld as iets wat nie net in die mitiese verlede bestaan het nie, maar as 'n tydvak wat weer tot heil van die mensdom, en meer bepaald vir die Romeinse volk sal kom.[4]

Nog 'n element wat Vergilius in sy *Eclogae* aan die pastorale genre toegevoeg het, is die positiewe morele kritiek op sosiale en politieke wantoestande (vgl. veral *Ecl.* I en IX), en op die lewe in die stad van sy eie tyd (vgl. *Ecl.* I, 33-35; IV, 31-33; en die dreunende refrein van VII, 68, 72, 76 ens.), 'n element wat ná hom een van die belangrikste wesenskenmerke van pastorale poësie geword het.

Deur hierdie genre te verinnig, te verbreed en te verdiep, en dît in 'n styl wat Horatius *molle et facetum,* "soepel en geestig" (Sat. I. 10. 44) genoem het, het Vergilius die rigting vasgelê waarin latere Europese pastorale poësie sou ontwikkel, en kan ons saamstem met R. Coleman se uitspraak: "In making the impersonal myth of Arcady the vehicle for an intense, if oblique, form of personal poetry he – far more than Theocritus – can be deemed the father of European pastoral."[5]

Die bekoring van die *Eclogae* se herders met hul *solliciti amores,* "kommervolle liefdes", teen 'n agtergrond van ongerepte natuur, bly vandag na meer as tweeduisend jaar nog net so sterk soos by die eerste verskyning van hierdie gedigte. Tereg het hulle aan Vergilius onmiddellik roem as digter besorg, en sal hulle steeds in die toekoms, net soos vir die Romeinse jeug van meet af aan, 'n "voorgeskrewe" werk op skool en universiteit bly.

DIE GEORGICA

Die *Georgica* wat "boerderyaangeleenthede" beteken, verskyn in 29 v.C. Hierdie gedig is geskep op aandrang van Maecenas, politieke en administratiewe regterhand van Octavianus. Die redes vir Maecenas se versoek is voor die hand liggend. In daardie stadium was Rome en die volkere van Italië al ongeveer 'n eeu lank onderworpe aan oorloë, politieke, sosiale en ekonomiese onrus. Deurdat die fleur van die bevolking, veral die stoere boerestand, in die leërs opgeneem is en baie van hulle omgekom het, het die Italiaanse stapelbedryf, die landbou, in verval geraak. Onteiening van hul plase, gebrekkige finansieringsfasiliteite en strawwe buitelandse kompetisie t.o.v. produktepryse het die boerestand

deur wie se hardwerkendheid, gehardheid en morele deugdelikheid Rome tot grootheid gegroei het, al dieper en dieper in 'n ekonomiese moeras laat sink, en hulle as ontevrede werkloses na Rome en ander Italiaanse stede laat stroom. Octavianus en sy regering was vasberade om hierdie stroom te keer, en om weer die landbou in ere te herstel as die enigste eerbare lewenstog van die rasegte Romein. Vir hierdie doel is die hulp van die Romeinse digters ook ingeroep, en het Maecenas hom veral na Vergilius as erkende meester onder die lewende digters gewend.

In die lig van bogenoemde feite, en veral as ons in ag neem dat die vier boeke waaruit die *Georgica* bestaan aan akkerbou (Bk. I), boomkwekery en wynbou (Bk. II), perde- en veeteelt (Bk. III) en byeboerdery (Bk. IV) gewy is, sou 'n mens tereg 'n prosaïese leerboek van boerderybeginsels deurspek met sosiaal-politiese en sosiaal-ekonomiese verwysings kon verwag. Maar dit is juis wat hierdie gedig nie is nie.

Die *Georgica* val weliswaar binne die genre van didaktiese poësie. Vergilius gee self voor *(Georg.* II, 176) dat sy gedig 'n imitasie is van die Griekse digter Hesiodus se leerdig oor landbou, die *Erga kai Hêmérai,* en hy erken (II. 475 e.v.) die diep indruk wat die Romeinse digter Lucretius se filosofiese leerdig, die *De rerum natura,* op hom gemaak het. Ons weet ook dat hy talle ander didaktiese bronne benut het vir sy *Georgica,* o.a. die Griekse digters van Alexandrië, t.w. Aratus, Nicander en Eratosthenes, maar veral ook die landboukundige werke van die Romeinse skrywers Cato (*De agricultura)* en Varro *(Rerum rusticarum libri tres).* Die *Georgica* vertoon ruimskoots feite en nuttige suggesties aan hierdie bronne ontleen, maar heelwat voorskrifte kon Vergilius ook uit sy eie ervaring as boersun geput het. Tog was dit nie die digter se primêre doel om sy volk te leer boer, of om hulle na die plaaslewe terug te lok nie — sy waarskynlike lesers was immers 'n relatief klein groepie hoogs gekultiveerde letterkundige fynproewers. Sy doel was eerder om genot te verskaf, genot wat terselfdertyd 'n nuttigheidsdoel dien.[6]

En genot is dit, voorwaar, wat hierdie gedig ons bied. In Vergilius se groot, begrypende en simpatieke gees het die oënskynlik prosaïese stof gegis en gegroei om uiteindelik in die *Georgica* as een van die bekoorlikste brokkies literatuur in die Westerse kultuurskat gestalte te verkry. Niemand wat dit eenmaal gelees het, sal ooit die beeld van 'n geïdealiseerde moederland vergeet nie; een wat haar afhanklikes liefderik versorg en voed, maar wat van mens en huisdier *labor improbus (Georg.* I. 145-146) "meedoënlose arbeid" eis; een wat nie net troetel en versorg nie, maar ook met ysige winters, versengende somers, droogtes, storms en

vloedwaters, en peste onder vee en gesaaides teister. So word die *Georgica* 'n geheelbeeld van die Italiese landelike lewe, 'n heerlike lied van die bodem, telkens versomber deur wat J.W. Mackail[7] noem 'n "majestic sadness", daardie aangrypende deernis wat die digter vir sy onderwerpe openbaar. So juig ons saam met die boere, die grond, struike, bome, welige gesaaides, voëls en diere; so ly ons saam met die uitgestote bul (Bk. III. 225-34), die os wat onder juk dood neerslaan (Bk. III. 520-25), die treurende nagtegaal wie se kleintjies nog sonder vere deur die hartelose boer uit die nes gepluk is (Bk. IV, 511-15). So intens is Vergilius betrokke by elke, selfs die kleinste onderdeeltjie van sy onderwerp dat lewelose en ander natuurdinge as't ware geantropomorfiseer word, sodat daar 'n menslike gees uit hulle straal. En by die antropomorfisering betrek die digter ewig-menslike gevoelens, verlangens en ideale.

Hierdie "Durchseelung der Form"[8] is by uitstek die valensie wat Vergilius se werk die toets van tweeduisend jaar kon laat deurstaan. Geslag na geslag van die mensdom vind in Vergilius die weerklank van hul eie gevoelens, verlangens en ideale.

Net soos in die *Eclogae* is die digter ook in die *Georgica* betrokke by die politieke gebeure van sy tyd. Vol bewondering staan ons voor sy antropomorfisering van die heuningby, veral voor sy beskrywing van die byestaat (bk. IV. 153-218), wat as sosiaal-politieke en nasionaal-patriotiese betrokkenheid in die oog spring. Die geordende samelewing in die byestaat, die gesamentlike arbeid waaraan almal ywerig tot die gemeenskaplike voordeel meedoen, die selfopoffering in die uitvoer van hulle taak, die eenheid in die verering en onderskraging van hulle leier is voorwaar 'n ideale voorbeeld vir die Romeinse volk wat nou na die chaos van die burgeroorloë weer hulle staat moes opbou.

Weer eens opvallend is Vergilius se waardering vir Octavianus. In die byestaat verwys die koning met die edel voorkoms en wat met goue kolletjies skitter (Bk. IV. 90-93) ongetwyfeld na Octavianus, terwyl die ander soort wat verwaarloos lyk van leeglê en 'n breë pens roemloos agter hom aansleep (Bk. IV, 93-94), op Antonius dui.[9] Maar nog veel meer uitgesproke is die digter se lof en waardering vir die jong heerser as hy hom heel aan die begin van die gedig (Bk. I. 5-42) saam met die twaalf erkende beskermgode van die landbou as 'n toekomstige dertiende god aanroep, en sy beskerming afsmeek vir die boere en die landbou, asook vir die digter self met die dig van die *Georgica;* as hy die gode vra om tog "hierdie jongman" nie te verhinder om 'n ontwortelde geslag te hulp te kom nie (Bk. I. 498-501); as hy voorspel dat hy 'n marmertempel[10] — 'n

tempel van verse – tot eer van Caesar Octavianus gaan oprig (Bk. III. 10-39); as hy in die loflied aan Italië (Bk. II. 136-176) sy *"Saturnia tellus"* loof as 'n land wat 'n stoere geslag helde voortgebring het, en onder hulle "ook vir u, Caesar, die grootste van almal" (II. 170). Hierin moet ons nie aanstootlike vleiery sien nie, maar alleenlik die digter se opregte dankbaarheid en vaste geloof in 'n nuwe bedeling vir sy volk. Bowendien is al hierdie verwysings ten volle geïntegreer met die totale opset van die gedig.

T.E. Page meen "for an ordinary man to criticise his (Virgil's) poetic power is almost an impertinence".[11] Daarom beoog hierdie inleiding niks meer nie as om aan die geïnteresseerde leser 'n riglyn te bied tot 'n vooraf begrip van hoe Vergilius sy taak aangepak het binne die sfeer van die verskillende genres waarin hierdie twee gedigte val, en om 'n aanduiding te gee van waarom dit in elke gedig gaan.

Uit die byna oorweldigende volume literatuur wat reeds geheel of gedeeltelik oor die *Eclogae* en *Georgica* verskyn het, kan die volgende werke vir ruimer studie aanbeveel word:

Letters, F.J.H.: *Virgil,* London 1946.
Mackail, J.W.: *Virgil and his meaning to the world of today,* New York 1930.
Oppermann, H. (ed.): *Wege zu Vergil,* Darmstadt 1963.
Pöschl, V.: *Die Hirtendichtung Vergils,* Heidelberg 1964.
Sellar, W.Y.: *Poets of the Augustan Age: Vergil*[3], Oxford 1941.

Tekste met kommentare en insiggewende inleidings:

Coleman, R.: *Eclogues,* Cambridge Univ. Press 1977.
Holtorf, H.: *P. Vergilius Maro: Die grösseren Gedichte I: Einleitung, Bucolica,* München 1959.
Klingner, F.: *Vergil: Bucolica, Georgica, Aeneis,* Zürich 1967.
Page, T.E.: *Virgil: Bucolics and Georgics,* London 1968.
Richter, W.: *Georgica,* München 1957.
Williams, R.D.: *Virgil: The Eclogues and Georgics,* New York 1979.

Eclogae

2

Ecloga I: Tityrus

(Tityrus en Meliboeus)

M. : Jy, Tityrus, lê op jou rug onder die blaredak van 'n wydgetakte beukeboom en oefen 'n herdersliedjie op jou dun rietfluit. Maar ons verlaat die grense van ons vaderland en ons geliefde weivelde; ons vlug uit ons vaderland, terwyl jy, Tityrus, luilekker in die skadu die woude "Skone Amaryllis" leer uitgalm.

T. : O, Meliboeus, 'n god het vir ons hierdie vrede besorg — want 'n god sal hy altyd vir my wees; dikwels sal 'n jong lam uit my kraal sy altaar met bloed deurdrenk. Hy is dit wat my beeste toegelaat het om vry rond te wei, soos jy sien, en vir my om net wat ek wil op my landelike fluit te speel. 10

M. : Ek misgun jou dit nie, sowaar, ek staan eerder verstom: so lank al heers daar oral verwarring op die ganse platteland. Kyk, ek self jaag met 'n seer hart my bokooie aan: die een hier, Tityrus, lei ek nouliks nog agter my aan. Want so pas het sy hier tussen die digte haselare 'n tweeling swaar gelam en hulle, die hoop van my trop, helaas!, op die barre rots gelos. Ek 15 onthou dat eike wat deur die weerlig geslaan was, hierdie ramp herhaaldelik vir my voorspel het — as ek maar nie so dom was nie! Maar nou, Tityrus, daardie god van jou, sê my wie hy is.

T. : Die stad, Meliboeus, wat hulle Rome noem, het ek in my dwaasheid gedink, lyk net soos hierdie een van ons, 20 waarheen óns herders gewoond is om ons jong skaaplammers

telkens weer aan te jaag. So het ek geweet dat klein hondjies soos grotes lyk, en bokkies soos hul ma's; en so was ek gewoond om groot en klein te vergelyk. Maar sowaar, hierdie stad het sy hoof so hoog bokant ander stede uitgelig, soos wat sipresse dit gewoonlik tussen buigsame wildewingerd doen.

M. : En wat was dan vir jou so 'n dwingende rede om Rome te sien?

T. : Die Vryheid wat, hoewel laat, tog ag geslaan het op my in my weerloosheid, eers nadat my baard al gryserig begin val het as ek dit knip; maar darem tog ag geslaan, en na 'n lang verloop van tyd gekom het, nadat Amaryllis my gevat en Galatea my laat staan het. Want solank Galatea my gehad het, dit sal ek erken, was daar geen hoop op vryheid en geen sorg vir 30
my spaargeld nie. Ofskoon menige offerdier uit my krale gekom het en menige vet kaas vir die ondankbare stad gepers is, het my regterhand nooit swaargelaai met geld tuis gekom nie.

M. : Ek het gewonder, Amaryllis, waarom jy so weemoedig tot die gode geroep, en vir wie jy dit jou laat welgeval het dat die appels aan hulle eie boom bly hang. Tityrus was van die huis af weg, nè! Die denne self, Tityrus, selfs die fonteine, ja selfs die boorde hier het na jou geroep.

T. : Wat kon ek doen? Op geen ander manier kon ek aan my 40
slawerny ontsnap, en nêrens anders sulke magtige gode leer ken nie. Hier, Meliboeus, het ek daardie jongman gesien vir wie my altaar twaalf dae elke jaar sal rook. Hier het hy heel aan die begin op my versoek geantwoord: "Laat wei julle beeste soos tevore, my seuns, en maak julle bulle groot."

M. : Gelukkige ou man! Jou plaas sal dus joune bly, en groot genoeg vir jou. Hoewel kaal klipbank en moeras vol slykerige riet jou hele veld bedek, sal geen kos waaraan hulle nie gewoond is nie jou swaar dragtige ooie aantas, en geen verderflike besmetting van 'n naburige trop hulle skaad nie. Gelukkige ou man! Hier by die bekende strome en heilige fonteine sal jy 50
die koelte van die skadu opsoek. Aan hierdie kant, op jou buurman se grens, sal die heining met sy wilgerblomme leeggedrink deur Hybla[1]-bye, jou nog dikwels soos altyd, met sagte soemgeluide tot sluimer nooi. Aan die ander kant, aan die voet

van die hoë krans, sal die wingerdsnoeier sy lied tot hoog in die lug laat klim. Maar intussen sal die skor bosduiwe – jou geliefde voëls – en die tortel nie ophou om vanuit die hoë olm te koerklaag nie.

T. : Daarom sal die ligvoet herte eerder in die lug wei, en die see sy visse onbeskerm op die strand agterlaat; sal die 60
Parth eerder uit die Arar drink en die Germaan uit die Tigris, nadat hulle as ballinge oor mekaar se grense geswerf het, voor daardie man se beeld uit my hart sal wegkwyn.

M. : Maar ons sal hiervandaan trek, party na die dors Afrikane – ander sal in Skithië aankom, en by die Oaxesrivier wat kryt saamsleur in sy vaart, en by die Britte, ver van die hele wêreld afgeskei. Ag, sal ek ooit na lange jare weer die erwe van ons vadere sien, en die dak van my armoedige hut met sooie dig gedek; na lange jare verwonderd staan by die aanskouing van 'n klompie koringare, my koninkryk? Sal 'n gewetenlose soldaat hierdie lande van my wat so mooi bewerk is, besit? 'n
Barbaar hierdie gesaaides? Kyk waartoe het tweedrag ons arme 70
burgers gebring! Vir hierdie mense het ons ons lande gesaai! Ent jy nou maar jou peerbome, Meliboeus, en plant jou wynstokke ry op ry. Vooruit my bokooitjies! Vooruit, eertyds gelukkige trop! Hierna sal ek my nie in 'n groen grot neervly en julle dophou waar julle ver weg teen die doringbegroeide krans hang nie. Geen liedjies sal ek meer sing nie. Julle sal nie weer, my bokooitjies, terwyl ek julle laat wei, lusern in blom en bitter wilgerblare vreet nie.

T. : Maar jy sou vannag hier by my op 'n groen blarebed kon rus. Ons het ryp appels en melerige kastaiings en volop 80
kaas. Buitendien, in die verte rook die dakke van die plaashuise al, en lang-lang skaduwees val van die hoë berge neer.

3

Ecloga II: Alexis

Die herder Corydon het van liefde gebrand vir skone Alexis, die liefling van sy baas, maar rede tot hoop het hy nie gehad nie. Hy het net maar elke dag tussen die digte beukebome met hul skaduryke toppe sy opwagting gemaak. En daar het hy stoksielalleen hierdie onbeholpe verse in vergeefse hartstog aan die berge en woude uitgestort:

"O, wrede Alexis, gee jy dan niks om vir my liedere nie? Het jy dan geen medelye met my nie? Dryf jy my nog uiteindelik die dood in? Selfs die kuddes soek nou die koelte van die skadu's op, selfs die doringbosse beskut nou die groen akkedisse, en vir die oesvolk, tam van die skroeiende hitte, stamp Thestylis 10
geurige kruie, knoffel en wildetiemie.

Maar terwyl ek jou spoor volg, weerklink die struikgewas onder die brandende son van die skril sonbesies in 'n koor saam met my. Was dit dan nie maar beter om die stuurse woedebuie en hooghartige gedrag van Amaryllis te verduur nie? Nie beter om Menalcas te verdra het nie, al was hy blas en jy blond? Ai, pragtige knaap, maak tog nie te veel staat op jou gelaatskleur nie: wit ligusterblomme val af, maar donker hiasinte word gepluk.

Jy sien neer op my, Alexis, en jy vra nie wie ek is, hoe ryk ek is aan vee, hoe ruim voorsien van sneeuwit melk nie! Op die 20
heuwels van Sicilië loop daar 'n duisend ooilammers van my, en vars melk ontbreek my nie in die somer, en ook nie in die winter nie.

Ek sing die liedjies wat Amphion[1] van Dirce[2] altyd op Attiese Aracynthus[3] gesing het as hy sy kuddes kraal toe roep. Ek is ook nie so lelik nie: onlangs nog op die strand, toe die see deur die guns van die winde rustig gelê het, het ek my spieëlbeeld gesien. As jy die beoordelaar was, sou ek nie vir Daphnis[4] bang wees nie – as 'n spieëlbeeld nooit bedrieg nie!

Ag, as jy maar net saam met my in my nederige hut in die ruwe veld wou woon, saam met my die hert wou skiet en my boklamtrop met 'n groen rietmalva-lat wou aanjaag. Saam met my sal jy in die bosse vir Pan naboots met jou sang – Pan was die 30
eerste wat die mens geleer het om 'n klompie rietstengels met was aanmekaar te heg; Pan sorg vir die skape en die wagters van die skape. En jy sal nie spyt wees dat jy jou lippie hard geskaaf het teen die rietfluit nie : wat het Amyntas tog nie alles gedoen om juis hierdie dinge te leer nie?

Ek het 'n fluit wat uit sewe ongelyke pype saamgevoeg is, een wat Damoetas my eens op 'n tyd present gegee het. Op sy sterfbed het hy gesê: 'Dit het joú nou as sy tweede baas'. So het Damoetas gesê, en Amyntas, die dwaas, was jaloers. Boonop het ek nog twee takbokkies wat ek in 'n gevaarlike kloof gevind het. Selfs nou nog is hul velletjies wit gespikkel, en twee maal op 'n 40
dag suip hul 'n ooi se uier leeg – ek hou hulle vir jou! Lank reeds smeek Thestylis my om hulle te kan saamvat; en dit sál hy ook, want my presente is mos vir jou niks werd nie.

Kom tog hierheen, o pragtige knaap. Kyk! vir jou dra die Nimfe mandjies vol lelies aan. Vir jou pluk die blonde Naïs[5] bleek viooltjies en langstengel papawers en voeg nog narsing en soetgeurende anysblom daarby. Dan omvleg sy die tere hiasint met wildekaneel en ander welriekende kruie, en skakeer dit met goudgeel gousblom. Ek self sal vir jou kwepers pluk, vol sagte 50
dons, en kastaiingneute waarvoor my Amaryllis lief was. Wasgeel pruime sal ek byvoeg – hierdie vrug sal ook sy eer ontvang. Ook van julle sal ek pluk, o louriere, en van jou, naburige mirt, want so gerangskik sal julle jul lieflike geure meng.

Corydon, jy is 'n plaasjapie : Alexis gee niks om vir jou presente nie, en as jy met presente sou meeding, sou Iöllas ook geen tree vir jou terugstaan nie. Helaas! Helaas! Wat het ek op my arme self gehaal? In my stommiteit het ek die Suidewind onder my blomme losgelaat, en wildevarke in my helder fonteine.

Vir wie vlug jy, ai tog, jou dwase seun? Selfs die gode het al in
woude gewoon, en ook Paris van Troje. Laat Pallas maar self in 60
die stede woon wat sy gestig het; laat die woude ons twee bo
alles bekoor. Die kwaai leeuwyfie agtervolg die wolf, die wolf
self die bok, die speelse bok die lusern in blom, en, Alexis,
Corydon vir jou: elkeen laat hom deur sy eie begeerte lei.

Kyk, die jong bulle bring die ploeg terug wat aan die juk hang,
en die ondergaande son laat die langerwordende skadu's rek.
Maar die liefde bly my brand; want watter perk kan daar vir
liefde wees? Ag, Corydon, Corydon, watter waansin het jou
beetgepak? Jou wingerdrank in die blaarryke olm is nog maar 70
half gesnoei. Waarom maak jy ten minste nie liewer gereed om
van die wilgertakkies en soepel biesies iets van die dinge wat jou
daaglikse gebruik benodig, klaar te vleg nie? Jy sal 'n ander
Alexis vind as hierdie een sy neus optrek vir jou.

Ecloga III: Palaemon

(Menalcas en Damoetas)

M. : Sê my, Damoetas, wie se trop is dit die? Dalk Meliboeus s'n?

D. : Nee, in werklikheid Aegon s'n; onlangs het Aegon hulle aan my toevertrou.

M. : Ag, skape, altyd maar 'n ongelukkige trop! Terwyl hulle baas vir Neaera liefkoos en bang is dat sy mý dalk bo hóm verkies, melk hierdie vreemde wagter die ooie elke uur tweemaal uit en word die trop hul lewensap, en die lammetjies hul melk ontroof.

D. : Daardie verwyte van jou moet jy egter spaarsamer in manne se gesigte slinger, onthou dit! Ons weet wie jou ..... terwyl die bokke jul skuins aangekyk het ..... en ook in watter heiligdom – maar die inskiklike nimfe het gelag.

M. : Dis daardie dag, daarvan is ek oortuig, toe hulle my Micon se boord en jong wingerdranke met 'n kwaad- 10
willige snoeimes sien toetakel het.

D. : Of dit was hier by die ou beukebome, toe jy Daphnis se boog en rietpyle gebreek het. En nie alleen was jy gegrief, afgunstige Menalcas, toe jy sien hulle word aan die seun gegee nie, maar jy sou ook gesterf het as jy hom nie op een of ander manier leed aangedoen het nie.

M. : Wat kan base tog doen as diewe sulke dinge waag? Jou opperste skelm, het ek nie gesien hoe jy Damon se bok in 'n hinderlaag oorval terwyl Lycisca verskriklik geblaf het nie? En toe ek skree: 'Waar storm daardie vent nou heen? Tityrus, jaag jou trop bymekaar!' toe kruip jy agter die rietpolle weg. 20

D. : Wat? Moes hy dan nie, toe hy in die sangwedstryd geklop is, die bok aan my gee wat my fluit met sy deuntjies verdien het nie? As jy dit nie weet nie, daardie bok was myne! En Damon het dit self aan my erken, maar hy het gesê hy kan nie betaal nie.

M. : Jy hom in sang geklop?! Of het jy al ooit 'n fluit besit wat met was aanmekaargesit is? Was dit dan nie jy, stumperd, wat gewoonlik op die kruispaaie jou miserabele deuntjie op 'n skril strooipypie verknoei het nie?

D. : Wil jy dus hê dat ons hier onder onsies om die beurt moet uittoets waartoe elk in staat is? Ek sit hierdie jaaroud vers in – om te voorkom dat jy dalk weier, sy kom twee 30 keer per dag melkemmer toe en maak twee kalwers aan haar uier groot. Sê jý nou vir watter pand jy met my sou wedywer.

M. : Uit my trop sou ek nie iets teen jou durf insit nie: tuis het ek 'n vader en 'n kwaai stiefma. Hulle albei tel die trop twee keer per dag, en een van hulle ook die boklammers. Maar, aangesien jy lus is om gek te wees, ek sal iets insit wat jy self sal toegee veel waardevoller is: twee drinkbekers van beukehout, 'n kunswerk van die besielde Alcimedon, in reliëf uitgekerf. 'n Buigsame wingerdrank, met 'n bedrewe beitel daarop aangebring, bedek die trosse wat onder bleekgroen klimop versprei is. In die middel staan daar twee figuurtjies : Conon[1] en 40 ..... wie was die ander een, die man wat die hele siklus van die seisoene met sy tekenstif vir die volkere afgebaken het – watter seisoene die oesman en watter die vooroorgeboë ploegman s'n was om te hou? Aan hulle het ek nog nie my lippe gesit nie, maar ek hou hulle weggebêre.

D. : Ook vir my het dieselfde Alcimedon twee bekers gemaak. Die ore het hy met soepel akant omwind, en in die middel het hy vir Orpheus[2] afgebeeld met die woude wat

agter hom aanloop. Aan hulle het ek nog nie my lippe gesit nie, maar ek hou hulle weggebêre. As jy egter die vers bekyk, is daar geen rede waarom jy jou bekers prys nie.

M. : Nooit gaan jy vandag loskom nie! Ek sal kom, waarheen jy my ook al oproep. Laat hierdie wedstryd tog net aangehoor word deur ..... wel, wel, kyk!, dis mos Palaemon wat daar aankom. Ek sal sorg dat jy na dese niemand uitdaag om te sing nie. 50

D. : Nouja, kom dan, as jy iets het om te sing. Van my kant af sal daar geen oponthoud wees nie, en ek vlug ook vir niemand[3] nie. Net een ding, Palaemon, ou buurman : jy moet sorgvuldige aandag skenk aan hierdie wedstryd — dis geen klein sakie nie.

P. : Sing julle dan maar, ons sit tog mos op die sagte gras. En nou bloei elke akker, nou bot elke boom, nou is die woude groen, nou is dit die mooiste jaargety. Begin, Damoetas; jy, Menalcas, moet dan volg. Om die beurt sal julle sing; die Muses hou van beurtsang.

D. : By Jupiter begin my lied; van Jupiter is alles vol. Hy sorg vir die aarde; hy gee om vir my liedere. 60

M. : En vir my is Phoebus lief; vir Phoebus is daar by my altyd geskenke wat geskik is vir hom : lourierkranse en die lieflik-blosende hiasint.

D. : Galatea gooi my met 'n appel, die wulpse meisiekind, en vlug dan na die wilgerbome, en wil graag hê dat sy gesien word voor sy hul bereik.

M. : Maar Amyntas, my vurig-beminde, kom ongevraag na my toe, met die gevolg dat Delia tans nie bekender is vir my honde nie.

D. : Geskenke vir my liefling is klaar gevind: want ek het self die plek gemerk waar die bosduiwe hoog in die lug hul neste gebou het.

M. : En ek het – dis al wat ek kon doen – tien goudkleurige appels wat ek van 'n boom in die bos gepluk het, vir my knaap gestuur; môre sal ek nog tien stuur. 70

D. : Ag, hoe dikwels en wat alles het Galatea nie met my gesels nie! Dra 'n deeltjie daarvan, o winde, na die ore van die gode!

M. : Wat baat dit dat jy my nie self in jou hart verag nie, Amyntas, as ek die nette oppas terwyl jy wildevarke jag?

D. : Stuur vir Phyllis na my toe: vandag is my verjaarsdag, Iöllas, en wanneer ek 'n vers vir die oes slag, moet jy self ook kom.

M. : Vir Phyllis het ek bo alle ander nooientjies lief; want sy het mos gehuil toe ek vertrek, en nog lank gesnik: 'Vaarwel, mooi Iöllas, vaarwel.'

D. : Die wolf is vir veekrale 'n verderf, reënbuie vir die ryp oes, vir bome is dit die winde, maar vir my is dit Amaryllis se woede. 80

M. : Soet is 'n reënbui vir die gesaaides, vir gespeende bokkies die aarbeiboom, die buigsame wilg vir dragtige vee, maar vir my is net Amyntas soet.

D. : Pollio[5] hou van my Muse, al is sy landelik : dogters[6] van Piëria, maak vir die leser[7] wat aan u toegewy is 'n kalf vet.

M. : Pollio self dig ook nuwe gedigte; maak vir hom 'n bul vet wat al met sy horing stoot en die sand met sy pote laat spat.

D. : Mag hy wat jou lief het, Pollio, bereik waaroor hy bly is dat jy dit ook bereik het; mag strome heuning vir hom vloei, en die ruwe braambos geurige kruie dra.

M. : Laat hy wat nie vir Bavius[8] haat nie, van jou gedigte hou, Maevius; en laat hy ook jakkalse[9] inspan en bokramme melk. 90

D. : Julle wat blomme en laaggroeiende aarbeie pluk, seuns — vlug hier weg! — 'n koue slang skuil in die gras.

M. : Oppas, my skape, moenie te ver aanstap nie; dis gevaarlik om die oewer te vertrou. Die ram self maak nou nog sy wol droog.

D. : Tityrus, dryf die weidende bokke van die stroom af weg! Wanneer die gepaste tyd kom, sal ek hulle almal persoonlik in die fontein was.

M. : Keer die skape in 'n trop, seuns! As die hitte eers die melk laat opdroog, soos onlangs, sal ons vergeefs die spene met ons handpalms druk.

D. : Helaas! Helaas! Hoe maer is my bul daar in die geil wilde-ertjies! Dieselfde liefde bring ondergang vir die kudde en hul wagter. 100

M. : Vir hierdie skapies is liefde beslis nie die oorsaak nie; hulle kleef nouliks nog aan hulle beendere vas. Een of ander bose oog toor my jong lammers.

D. : Sê my in watter land — en jy sal vir my die groot Apollo wees — die hemelruim nie meer as drie el breed is nie.

M. : Sê my in watter land groei blomme met konings se name daarop geskryf — jy alleen kan dan vir Phyllis hou.

P. : Dis nie vir my om so 'n verbete stryd tussen julle te besleg nie. Jy én hy verdien die jong vers — en enigeen wat òf die soet van die liefde vrees òf die bitterheid daarvan ervaar. Maak nou die sluise toe, my seuns; die weilande het genoeg gedrink.

5

Ecloga IV: Pollio en die Goue Eeu

Muses van Sicilië,[1] laat ons 'n effens grootser onderwerp besing! Struikgewas en nederige tamariske behaag nie alle mense nie. As ons van woude sing, laat die woude dan 'n konsul[2] waardig wees.

Die laaste tydvak van Cumae se orakelspreuk[3] het nou gekom. Die magtige kringloop van die eeue kom van nuuts af aan tot stand. Nou keer ook die Maagd[4] terug, keer Saturnus se heerskappy[5] terug; nou word 'n nuwe geslag uit die hoë hemel neergestuur. O kuise Lucina,[6] wees u die seun maar net goedgesind wanneer hy gebore word, hy onder wie die ystereeu eers tot 'n einde sal kom en 'n goue geslag dan oor die ganse aarde sal verrys. U eie Apollo heers nou! En in u konsulskap, Pollio, ja in u s'n, sal die glans van hierdie eeu 'n aanvang neem, en sal die magtige maande begin loop. As daar êrens nog spore van ons verdorwenheid oorbly, sal dit in u bewind uitgewis word en die aarde van ewigdurende vrees verlos. Daardie kind sal die lewe van gode deelagtig wees, hy sal die helde te midde van die gode sien, en self deur hulle gesien word, en hy sal oor 'n wêreld heers wat deur sy vader se deugde tot vrede gebring is.

Maar vir jou, kind, sal die aarde onbewerk sy eerste klein geskenkies uitstrooi : klimop wat hier en daar saam met kattekruie rondkruip, en Indiese waterroos met blye akant gemeng. Die bokooie sal vanself hul uiers, styf van die melk, huis toe bring, en die kuddes sal die magtige leeus nie langer vrees nie.

Jou wiegie self sal lieflike blomme vir jou strooi. Ook sal die slang vrek, en die bedrieglike gifplant sal vergaan; maar oral sal Assiriese amomum[7] opskiet.

Maar sodra jy eers van helderoem en die dade van jou vader kan lees, en kan leer wat deug is, sal die vlakte geleidelik geel word van golwende koringare. Die druiwetros sal blosend aan die wilde doringstruike hang, en die forse eike sal druppels heuning sweet. Nogtans sal enkele spore van die ou verdorwenheid 30
heimelik bly voortbestaan om ons te dwing om Thetis[8] met skepe aan te durf, om stede met mure te omring en ploegvore in die aarde te skeur. Dan sal daar 'n tweede Tiphus[9] wees, en 'n tweede Argo om die keurbende helde te vervoer. Daar sal ook 'n tweede[10] oorlog wees, en weer eens sal 'n magtige Achilles[11] na Troje gestuur word.

En later, wanneer die krag van jou jare jou 'n grootman gemaak het, sal selfs ook die handelaar die see verlaat, en die dennehoutskip sal ook nie meer handelsware ruil nie: elke land sal alles produseer. Die grond sal nie meer die harke verduur nie, 40
die wynstok nie die snoeimes nie; ook die stoere ploegman sal nou die jukke van sy bulle afhaal. En wol sal nie meer leer om veelsoortige kleure te vervals nie, maar die ram sal sy vag self op die weiland verkleur, nou in lieflik-blosende purper, en dan in goudgeel saffraan; skarlaken sal sommer vanself die weidende lammers klee.

"Spoed voort deur eeue soos die", het die Skikgodinne, eensgesind met die onwankelbare wil van die Noodlot, aan hul spinspoele gesê.

Aanvaar u hoë amp – die uur sal binnekort aanbreek – o geliefde spruit van die gode, magtige aanwins vir Jupiter! 50
Aanskou hoe die heelal met sy gewelfde massa bewe – die lande, die stroke see en hoë hemel. Aanskou hoe alles juig oor die eeu wat op hande is!

O, mag die laaste jare van 'n lang lewe dan op my wag, en besieling wat genoeg sal wees om u dade te besing! Nie Orpheus van Thrasië, en ook nie Linus sal my met hul liedere oortref nie, al help eersgenoemde se moeder, en laasgenoemde se vader hom – Calliope[12] vir Orpheus, en mooi Apollo[13] vir Linus. Selfs

as Pan met my sou wedywer voor Arkadië as die beoordelaar, sou selfs Pan voor Arkadië as die beoordelaar toegee dat hy oortref is.

Begin, klein ou seuntjie, om jou moeder met 'n glimlag te herken – tien maande het vir jou moeder lang ongemak gebring. **60**
Begin, klein ou seuntjie: hy wat nie sy moeder toegelag het nie, hom ag 'n god nie sy tafel, en 'n godin nie haar bruidsbed waardig nie.

Ecloga V: Daphnis

(Menalcas en Mopsus)

Me. : Aangesien ons twee hier saamgekom het, Mopsus, albei van ons be drewe, jy om in slanke riete te blaas en ek om verse voor te dra, waarom gaan sit ons nie hier tussen die olms deureengemeng met haselare nie?

Mo. : Jy is die oudste: dit is gepas dat ek my na jou wense skik, Menalcas, of ons nou die flikkerende skadu's instap terwyl die Westewind hul roer, en of ons liewer die grot binnegaan. Kyk hoe het die wildewingerd die grot met yl trosse bestrooi!

Me. : In ons berge ding net Amyntas met jou mee.

Mo. : En wat as hy ook sou strewe om Phoebus in sang te klop?

Me. : Begin jy eerste, Mopsus, as jy iets het oor jou liefdesvuur vir Phyllis, of 'n loflied aan Alcon, of 'n skimpdig teen Codrus. Begin! Tityrus sal die bokkies oppas waar hul wei. 10

Mo. : Nee, ek sal liewer hierdie liedjies probeer wat ek onlangs in die groen bas van 'n beuk gekerf, en hul afwisselinge van stem en fluit so met die toonset aangedui het. Dan kan jy maar vir Amyntas aansê om met my mee te ding.

Me. : So ver as wat die buigsame wilg voor die bleekgroen olyf, so ver as wat nederige wildenardus voor beddings persrooi rose swig, so ver, na my mening, swig Amyntas voor jou. Maar sê niks verder nie, my seun: ons het die grot betree.

Mo. : Oor Daphnis, deur 'n wrede dood ontruk, het die nimfe geween — o haselare en strome, julle is getuies vir die nimfe — terwyl sy moeder haar seun se erbarmlike lyk omhels en gode en sterre wreed noem. In daardie dae, Daphnis, het niemand hul dikgevrete beeste na die koel strome gejaag nie; geen viervoetige dier het aan die beek geproe of 'n grasspriet aangeraak nie. Daphnis, die woeste berge en woude vertel dat selfs die leeus van Afrika oor jou dood gekreun het. 20

Daphnis het ook die mensdom geleer om Armeense tiers onder 'n juk in te span; Daphnis het hul geleer om die reidanse van Bacchus uit te voer en soepel latte met sagte blare te omvleg. Soos die wingerdrank 'n versiering vir bome is, soos druiwetrosse vir wingerdranke, soos bulle vir hul kuddes, soos graan vir vrugbare akkers, so is jy die volle sieraad vir jou volk. 30

Nadat die noodlot jou weggeneem het, het selfs Pales[1] en Apollo self ons lande verlaat. In die vore waaraan ons dikwels groot garskorrels toevertrou het, kom nou verderflike drabok en onvrugbare wildehawer op. In plaas van die sagte viooltjie, in plaas van helderkleurige narsing, spruit die distel en die christusdoring met sy skerp stekels uit. Bestrooi die aarde met blare, o herders, oordek die fonteine met koelte — Daphnis beveel dat sulke eerbewyse aan hom betoon word. En rig 'n grafhoop op, en plaas op die grafhoop ook nog hierdie vers: 40

"Ek is Daphnis, beroemd in die woude, beroemd van hier tot aan die sterre; wagter van 'n skone trop, maar self nog skoner as die vee."

Me. : Jou lied, besielde digter, is vir my soos wat slaap op die gras vir vermoeides is, soos om in somerhitte jou dors te les in 'n klaterende stroom van soet water. Nie alleen met jou fluit nie, maar ook met jou sang ewenaar jy jou meester. Gelukkige seun, nou sal jy tweede staan na hom. Maar nogtans sal ek op my beurt, hoe gebrekkig ook al, vir jou hierdie lied van my sing, en jou geliefde Daphnis tot aan die sterre verhef. Vir Daphnis sal ek tot aan die sterre dra: vir my het Daphnis ook bemin. 50

Mo. : Kon enigiets dan vir my waardevoller wees as so 'n geskenk? Nie alleen het die seun self verdien om besing te word nie, maar ook lank gelede al het Stimichon jou liedere teenoor my geprys.

Me. : In stralende skoonheid bewonder Daphnis die vreemde drumpel van Olimpus, en onder sy voete aanskou hy die wolke en sterre. Daarom besiel 'n tintelende blydskap die woude en al die velde; ook vir Pan en die herders en die jeugdige bosnimfe. Die wolf beplan geen hinderlaag vir die kudde, en die nette ook geen valstrik vir die herte nie: die goeie Daphnis hou 60
van rus en vrede. Van vreugde slinger die beboste berge self hul eggo's na die sterre; selfs die rotse, ja selfs die struikgewas weergalm reeds die lied : " 'n God, 'n god is hy, Menalcas."

Ag, wees tog goed en genadig vir u volk! Kyk, hier staan vier altare: twee vir u, siedaar, Daphnis, en twee vir Phoebus. Twee bekers skuimende vars melk en twee kruike ryk olyfolie sal ek elke jaar as offer vir u neersit. En veral wanneer ek die feesmaal vrolik maak met baie wyn, sal ek – as dit koue weer is, voor die vuurherd, en as dit oestyd is, in die skaduwee – wyne van 70
Ariusia,[2] 'n nuwe nektar, uit my mandjieflesse skink. Damoetas en Aegon van Lyctus[3] sal vir my sing, en Alphiseboeus sal die dansende Saters naboots.

Hierdie eerbewyse sal daar ewig vir u wees, sowel wanneer ons ons gebruiklike geloftes aan die Nimfe vervul, as wanneer ons ons landerye reinig. Solank die wildevark lief is vir die bergrûens, en die vis vir waterstrome; solank bye op tiemie wei, en die sonbesie op dou, sal u eer en naam en lofbetuigings steeds voortleef. Soos aan Bacchus en Ceres, so sal die boere elke jaar aan u geloftes maak. Ook u sal hulle aan hul geloftes hou. 80

Mo. : Watter, ja, watter geskenke sal ek jou betaal vir so 'n lied? Want sóveel bekoor die suising van die opstekende Suidewind my nie; nie die strand wat deur golwe gebeuk word, en ook nie strome wat tussen rotsige dale neertuimel nie.

Me. : Ek sal jou eers hierdie brose rietfluit gee. Hý het my "Corydon het van liefde gebrand vir die skone Alexis" geleer, en die einste hy ook "Wie se trop is dit? Dalk Meliboeus s'n?"

Mo. : Maar, Menalcas, neem jy dan my herderstaf wat Antigenes nie gekry het nie hoewel hy my dikwels daarom gevra het – en tog was hy destyds werd om deur my bemin te word – 'n mooi staf met sy knoppe ewe ver van mekaar, en met sy brons beslag.

7

Ecloga VI: Varus

Eers het dit my Thalia[1] behaag om die tyd met verse van Syracusa[2] te verdryf, en sy was nie skaam om in die bosse te woon nie. Toe ek van konings en oorloë wou sing, het die Cynthiër[3] my oor getrek en vermaan: "Tityrus, dit pas 'n herder om vet skape te laat wei en 'n ongekunstelde lied te sing". En nou – want jy sal meer as genoeg mense hê, Varus, wat begerig is om jou lof te besing en jou grimmige veldslae te beskryf – gaan ek die herderslied op 'n tenger rietfluit beoefen.

Ek sing nie sonder opdrag nie. As iemand egter ook hierdie verse, as iemand hul met liefdevolle oorgawe lees, dan, Varus, 10
sal ons tamariske van jou sing, van jou die ganse woud. En vir Phoebus is geen bladsy aangenamer as dié een wat Varus se naam as opskrif vir homself geskryf het nie.

Vooruit dan, dogters van Piëria! Die knape Chromis en Mnasyllos het vir Silenus in 'n grot aan die slaap sien lê – sy are, soos altyd, dik geswel van die dag tevore se wyn. Vlak by hom het die blomkranse gelê wat bloot van sy kop afgegly het, en die swaar drinkbeker het aan sy verslete handvatsel gehang. Hulle storm op hom af – want die ou man het hulle albei al dikwels met die vooruitsig van 'n lied gekul – en slaan hom in boeie wat van daardie einste blomkranse gemaak is. Aegle voeg haar as hul bondgenoot by en kom die skugter paar te hulp,
Aegle, die skoonste van die Nimfe, en terwyl hy reeds oop-oog 20
lê, verf sy sy voorkop en slape met bloedrooi moerbeie.

Laggend oor die poets, sê hy: "Waarvoor boei jul my? Maak my los, seuns; dis genoeg dat dit lyk of julle dit kon doen. Luister nou na die liedere wat julle so graag wil hoor; vir julle sal my liedere, maar vir haar hier sal daar 'n ander soort beloning wees." Met dié begin hy uit eie beweging sing.

Toe, voorwaar, kon jy aanskou hoe bosgode en wilde diere op maat dans, toe, hoe stram eike hul toppe wieg. Die rots van Parnassus[4] verskaf nie soveel genot aan Phoebus nie, en soveel[5] bewonder Rhodope[6] en Ismarus[6] ook nie vir Orpheus nie. 30

Want hy het gesing van hoe die atome van aarde, lug en see, en ook dié van vloeibare vuur deur die ontsaglike leë ruimte bymekaargebring is; hoe alles uit hierdie oerelemente, alles, ja selfs die sagte bol van die aarde tot 'n eenheid saamgegroei het; hoe die aardbol sy bodem toe begin hard maak, vir Nereus in die oseaan begin opsluit, en geleidelik die vorms van dinge begin aanneem het; en nou, hoe die aarde verstom staan dat die nuutgeskape son begin skyn, en dat daar reënbuie val uit die wolke wat hoër weggedring is, terwyl die woude vir die eerste keer begin opskiet en diere hier en daar tussen onbekende berge 40 ronddwaal.

Vervolgens sing hy van die klippe wat Pyrrha gegooi het, van Saturnus se heerskappy, van die voëls van die Kaucasus en Prometheus se diefstal. Hierby voeg hy, by welke fontein die seelui na die agtergelate Hylas geroep het sodat die hele strand "Hylas! Hylas!" weergalm het.

Hy troos ook vir Pasiphaë – gelukkig sy, as daar net nooit beeste bestaan het nie – oor haar liefde vir die sneeuwit bul. Ag, arme meisie, watter waansin het jou beetgepak? Proetus se dogters het die velde met hul nagemaakte koeigebulk vervul, maar nogtans het nie een van hulle na so 'n skandelike byslaap met beeste gestreef nie, hoewel hulle elkeen die ploeg vir hul nek gevrees, en dikwels op hul gladde voorkop na die horings 50 gesoek het.

Ag, arme meisie, jy dwaal nou in die berge rond: hy, met sy sneeuwit flank op sagte hiasinte gestut, herkou liggroen gras onder 'n donker steeneik, of hy jaag een of ander koei in 'n

groot kudde. "Sluit, nimfe, nimfe van Dicte, sluit nou die weiplekke in die woude, ingeval die spore van my swerwende bul toevallig iewers voor my oë verskyn; miskien lei 'n klompie koeie hom na ons stalle in Gortinia terwyl hy òf deur die groen gras verlei word, òf 'n kudde najaag".[7]

Toe sing hy van die meisie wat bewonderend gestaar het na die appels van die Hesperides; dan hul hy weer Phaëthon se susters in mos van bitterbas en rig hulle uit die grond as slanke else op. Daarna sing hy van hoe een van die susters vir Gallus waar hy langs die strome van Permessus rondswerf, na die berge van Aonië gelei, en hoe die hele koor van Phoebus ter ere van die held opgestaan het; hoe Linus, die herder met die goddelike lied, sy hare versier met blomme en bitter seldery, vir Gallus gesê het: "Hierdie rietfluit gee die Muses jou – kyk!, neem dit – die een wat hulle tevore aan die grysaard[8] van Ascra geskenk het, en waarmee hy, wanneer hy speel, gewoonlik die stram esse van die berge af laat neerdaal het. Hiermee moet die oorsprong van Gryneum se woud deur jou besing word, sodat daar geen heilige bos sal wees waaroor Apollo trotser kan voel nie."

Waarom sal ek meld dat hy ook van Scylla, die dogter van Nisus, gesing het, sy aan wie die verhaal kleef dat sy, haar blanke lendene met blaffende monsters omgord, die skepe van Dulichium geteister het, en, ag!, die angsbevange matrose in 'n diep draaikolk deur haar seehonde laat verskeur het? Of hoe hy vertel het van Tereus se gedaanteverwisseling, en welke feesmaal en watter geskenke Philomela vir hom voorberei het; met watter vaart sy na die wildernis gevlug, en met welke vlerke die ongelukkige eers oor haar eie huis rondgefladder het?

Al die liedere wat die Eurotas, toe Phoebus daar geoefen het, verruk gehoor en sy louriere aangesê het om uit die hoof te leer, sing Silenus – die dawerende dale weerkaats hul na die sterre toe – totdat die Aandster beveel het om die skape kraal toe te dryf en hulle te tel, en oor 'n teësinnige hemel voortgeskry het.

Ecloga VII: Meliboeus

(Meliboeus, Corydon en Thyrsis)

M. : Toevallig het Daphnis onder 'n ruisende steeneik gesit, en Corydon en Thyrsis het hul kuddes bymekaargejaag – Thyrsis sy skape, en Corydon sy bokke met hul uiers styfgeswel van melk. Hulle albei was Arkadiërs en albei in die fleur van hul lewe, sowel mekaar se gelykes in sang as gereed met 'n antwoord. Terwyl ek my tere mirtebome teen die koue beskut, het juis die bokram, my trop se groot meneer, hierheen weggedwaal, en daar kry ek vir Daphnis in die oog. Toe hy my op sy beurt gewaar, sê hy : "Gou, Meliboeus, kom hier; jou ram en bokkies is veilig, en as jy 'n rukkie kan talm, kom rus dan uit in die skaduwee. Jou bulle sal vanself oor die weiveld hierheen kom om te suip; hier omsoom die Mincius sy groen oewer met malse riet, en uit die heilige eik soem daar swerms bye."

Wat kon ek doen? Ek het nie 'n Alcippe of 'n Phyllis gehad om by die huis die gespeende lammers af te hok nie, en die wedstryd, Corydon teen Thyrsis, was hoogs belangrik. Ewenwel, ek het my dringende sake agtergestel by hulle spel . In verse om die beurt, het die twee dus begin meeding; die Muses wou mos beurtsang onthou.[1] Corydon het eers hierdie verse voorgedra, en Thyrsis op sý beurt daardies.

C. : Nimfe van Libethra,[2] my geliefdes, skenk my òf 'n lied soos aan my vriend Codrus – hy maak gedigte wat die naaste aan die verse van Phoebus kom – òf as ons nie almal daartoe in staat is nie, sal my helderklinkende fluit hier aan die heilige den bly hang.

T. : Herders van Arkadië, tooi jul ontluikende digter met klimop sodat Codrus se ingewande van afguns kan bars; of, as hy my meer prys as wat aanneemlik is, omkrans dan my voorhoof met duiwelsklou[3] om te voorkom dat sy bose tong jul toekomstige digtersanger skaad.

C. : Aan u, godin van Delos,[4] wy klein Micon hierdie kop van 'n ruie wildevark en die getakte horings van 'n lewenskragtige hert. As dit vir u 'n gepaste offer is, sal u lewensgroot uit gladde marmer staan, met purper jagterstewels hoog om u kuite gebind. 30

T. : Dit is genoeg, Priapus, dat u jaarliks 'n kommetjie melk en hierdie offerkoeke verwag: u is die bewaker van 'n skraal tuintjie. Voorlopig het ek u van marmer gemaak, maar as die lammers my kudde aangevul het, wees u dan van goud!

C. : Galatea, dogter van Nereus, nog soeter vir my as Hyblatiemie en blanker as swane en mooier as bleke klimop, kom na my sodra die bulle dikgevreet na hul stalle terugkeer, as daar nog 'n bietjie liefde vir jou Corydon in jou hart is. 40

T. : Nee, laat ek liewer vir jou bitterder as kruie van Sardinië, ruwer as muisdoring en waardeloser as uitgespoelde seegras voorkom, as hierdie dag nie reeds vir my langer as 'n hele jaar is nie.[5] Loop huis toe, my dikgevrete bulletjies, as julle nog enige skaamte het, loop!

C. : O, mosbegroeide fonteine en gras sagter as die slaap, en jy, groen aarbeiboom wat julle met sy yl skadu bedek, weer tog die middelsomerhitte van my kudde af. Nou nader die skroeiende somer, nou swel die botsels aan die soepel wingerdrank.

T. : Hier is 'n haard en harsige dennehout, hier is altyd 'n baie groot vuur, en deurposte swart van onophoudelike roet. Hier steur ons ons aan die koue van die Noordewinde soveel as wat die wolf hom aan die getal skape, of soveel as wat siedende strome hulle aan hul oewers steur. 50

C. : Hier staan jenewerstruike en ruie kastaiingbome; oral onder die bome lê hul eie besondere vrugte gestrooi; nou glimlag alles, maar as die skone Alexis hierdie berge verlaat, sou jy selfs die riviere droog sien staan.

T. : Die veld verdroog; die gras ly dors en gaan dood van die dorheid van die lug; Bacchus het die heuwels wingerdskadu misgun: maar by die aankoms van my Phyllis sal die hele woud weer groen word, en Jupiter sal oorvloediglik neerdaal in 60
'n reënbui wat geluk en vrugbaarheid bring.

C. : Vir Hercules is die populier die dierbaarste boom, die wynstok vir Bacchus, vir skone Venus die mirt, en sy eie lourier vir Phoebus. Maar Phyllis hou van haselare, en solank Phyllis daarvan hou, sal nòg die mirt, nòg Phoebus se lourier die haselare oortref.

T. : In die woude is die es die mooiste boom, die tuinden in tuine, die populier langs waterstrome, die bergden op die hoë berge : maar as jy my meer dikwels besoek, skone Lycidas, sal die es in die woude en die tuinden in die tuine die knie voor jou skoonheid buig.

M. : Dié liedere onthou ek nog , en dat Thyrsis, reeds geklop, vergeefs gestry het. Van daardie dag af is dit Corydon, 70
Corydon vir my.

Ecloga VIII: Pharmaceutria

(Damon en Alphesiboeus)

Van die herders Damon en Alphesiboeus se Muse – gedurende hulle wedstryd het die jong vers hulle bewonder en skoon van die gras vergeet, het die rooikatte verstom gestaan oor hul lied, het die strome hul loop verander en tot rus gekom – van Damon en Alphiseboeus se Muse sal ek sing.

Of jy[1] reeds by die rotse van die magtige Timavus verbyvaar, en of jy langs die kus van Illiriese see seil, ag, sal daardie dag ooit aanbreek wanneer dit my veroorloof sal wees om jou dade te besing? Ag, sal die dag aanbreek dat ek veroorloof mag wees om jou verse, die enigste wat die gelyke is van Sophokles se tragedies, oor die hele wêreld heen te verbrei? By jou begin my lied, tot jou eer sal dit eindig. Aanvaar die verse wat op jou bevel begin is, en laat hierdie klimopkransie toe om tussen die oorwinnaarslourier om jou slape in te kruip.

Nog skaars het die koue skadu van die nag uit die hemel gewyk, die tyd wanneer die dou op die jong gras op sy lekkerste is vir die kudde, of Damon leun teen 'n gladde olyfboom en begin soos volg:

"Verrys, o Môrester, seil voor en bring die weldadige daglig aan terwyl ek, bedrieg deur die onwaardige liefde van Nysa, my verloofde, kla, en sterwend in my laaste uur nogtans die gode aanroep, hoewel ek geen baat daarby gevind het dat hulle getuies was nie.

Hef aan met my, my fluit, 'n lied van Maenalus!

Maenalus het altyd 'n ruisende woud en fluisterende dennebome: altyd luister hy na die herders se liefdes en na Pan, die eerste wese wat dit nie geduld het dat die riethalm ledig bly nie.

Hef aan met my, my fluit, 'n lied van Maenalus!

Nysa word aan Mopsus gegee : wat sou ons verliefdes nie kon verwag nie? Griffoene sal nou met perde gepaar word, en in die eeu wat kom sal skugter reebokke saam met honde water toe kom.

Hef aan met my, my fluit, 'n lied van Maenalus!

Mopsus, sny nuwe fakkels af[2]!; vir jou word 'n bruid gebring. Strooi jou neute[3], bruidegom!; vir jou verlaat die Aandster Oetaberg. 30

Hef aan met my, my fluit, 'n lied van Maenalus!

O, jy wat met 'n waardige man gegroud is, terwyl jy op almal neersien, terwyl my rietfluit, terwyl my bokooie en ruie wenkbrou en onversorgde baard haatlik is vir jou, glo jy ook dat geen god hom sorge maak oor menslike sake nie.

Hef aan met my, my fluit, 'n lied van Maenalus!

In ons omheinde boord het ek jou as klein dogtertjie dounat appels sien pluk saam met jou ma – ek was julle gids. Destyds het die jaar wat na die elfde volg my reeds in ontvangs geneem; 40 ek kon alreeds die brose takke van die grond af raak. En toe ek jou sien, hoe gans verlore was ek nie! Hoe het 'n bose waansin my tog meegesleur!

Hef aan met my, my fluit, 'n lied van Maenalus!

Nou weet ek wat Liefde is. Op harde rotspunte het die Tmarosberg, of Rhodope, of die Garamantes aan die einde van die wêreld dié kind, nie van ons eie ras of bloed nie, gebaar.

Hef aan met my, my fluit, 'n lied van Maenalus!

Die wrede Liefde het 'n moeder[4] geleer om haar hande met haar kinders se bloed te bevlek. Harteloos was ook jy, o moeder! Was dit eerder die moeder wat harteloos, of eerder daardie seun[5] wat boos was? Boos was daardie seun; harteloos ook jy, o moeder! 50

Hef aan met my, my fluit, 'n lied van Maenalus!

Laat die wolf nou selfs voor skape vlug, en stoere eike goue appels dra; laat die elsboom met narsingblomme bloei, en tamariske ryk amber uit hul basse sweet; laat uile ook met swane meeding, en laat Tityrus 'n Orpheus wees — 'n Orpheus in die woude, 'n Arion tussen die dolfyne.

Hef aan met my, my fluit, 'n lied van Maenalus!

Laat alles see word, ja, selfs middesee! Vaarwel, o woude! Van die top van 'n hemelhoë berg af sal ek my blindelings in die golwe afstort; neem dit as die laaste geskenk van 'n sterwende. 60

Beëindig my fluit, beëindig nou die lied van Maenalus!"

So het Damon gesing. Sê julle nou, dogters van Piëria, wat Alphesiboeus geantwoord het; ons almal kan nie alles doen nie.

"Dra water uit en omkrans hierdie altaar met 'n sagte wolband; brand sappige offerkruie en manlike wierookkorrels, dat ek my geliefde se gesonde gees met towerrites kan probeer verdryf. Niks ontbreek hier nie, behalwe die towerspreuke.

Bring Daphnis huis toe uit die stad, my towerspreuke, ja, bring hom!

Towerspreuke kan selfs die Maan uit die hemel neerhaal; met towerspreuke het Circe Ulysses se makkers van gedaante laat verander, en deur 'n towerspreuk te uiter, bars 'n kille slang in die weivelde uitmekaar. 70

Bring Daphnis huis toe uit die stad, my towerspreuke, ja, bring hom!

Eers bind ek hierdie drie drade met van drie verskillende kleure om jou, en drie maal bring ek jou beeld om hierdie altaar; die god verheug hom in 'n onewe getal.

Bring Daphnis huis toe uit die stad, my towerspreuke, ja, bring hom!

Knoop die drie kleure in drie knope saam, Amaryllis; knoop hulle tog net Amaryllis, en sê: 'Ek knoop die bande van liefde vas.'

Bring Daphnis huis toe uit die stad, my towerspreuke, ja, bring hom!

Soos hierdie klei hard word, en soos hierdie was smelt in een en dieselfde vuur – mag Daphnis só word van liefde vir my. Strooi die offermeel en steek die knetterende louriertakke met pik aan die brand. Die wrede Daphnis brand my, en ek brand hierdie lourier op Daphnis.[6] 80

Bring Daphnis huis toe uit die stad, my towerspreuke, ja, bring hom!

Mag so 'n liefde vir Daphnis beetpak, soos wanneer 'n vers, uitgeput van die soektog na haar jong bul deur bosse en hoë woude heen, wanhopig in die groen vleiriet langs 'n waterstroom gaan lê, en nie voor laatnag onthou om daar weg te gaan nie – mag so 'n liefde hom beetpak, en mag ek nie die drang hê om hom te genees nie.

Bring Daphnis huis toe uit die stad, my towerspreuke, ja, bring hom. 90

Hierdie klere het daardie ontroue man eens vir my agtergelaat – geliefde pande van homself – en dit, o Aarde, vertrou ek nou hier reg op my drumpel aan u toe; hierdie pande skuld vir Daphnis aan my.

Bring Daphnis huis toe uit die stad, my towerspreuke, ja, bring hom!

Hierdie kruie en hierdie gifplante wat in Pontus gepluk is, het Moeris self vir my gegee – in Pontus groei hulle in oorvloed. Ek het al dikwels gesien dat Moeris met behulp van hierdie goed 'n wolf word en hom in die bosse verskuil, dikwels dat hy geeste uit die diepte van hul grafte oproep, en gesaaide oeste na 'n ander plek toe oorbring.

Bring Daphnis huis toe uit die stad, my towerspreuke, ja, bring hom! **100**

Neem die as buitentoe, Amaryllis; gooi dit in 'n lopende waterstroom, oor jou kop, en moenie omkyk nie! Met hierdie goed gaan ek vir Daphnis te lyf gaan; niks gee hy om vir gode, niks vir towerspreuke nie.

Bring Daphnis huis toe uit die stad, my towerspreuke, ja, bring hom!

Kyk! terwyl ek gedraal het om dit te bring, het die as die altaar sommer vanself met flikkerende vlamme aangegryp. Mag dit 'n goeie teken wees[7]! Daar is ongetwyfeld iets, en Hylax blaf by die voordeur. Kan ek dit glo? Of versin verliefdes dalk self droombeelde vir hulself?

Hou op, my towerspreuke, hou nou op, daar kom Daphnis uit die stad!

10

Ecloga IX: Moeris

(Lycidas en Moeris)

L. : Waarheen slaan jy voet, Moeris? Dalk stad toe, waar hierdie pad heen loop?

M. : Ai, Lycidas, in ons leeftyd het ons die stadium bereik – iets wat ons nooit gevrees het nie – dat 'n vreemdeling as eienaar van ons akkertjie kan sê: 'Dis myne die, julle ou boere moet trek!' En nou, verslae en bedroef, want die noodlot keer alles onderstebo, stuur ek hom hierdie boklammers – mag dit hom suur bekom!

L. : Ek het tog beslis gehoor dat jul Menalcas[1] die hele land met sy poësie gered het, van waar die heuwels begin wyk en hul rug in sagte glooiing laat daal tot onder by die water en ou beukebome met hul reeds verwaaide kruine. 10

M. : Dit het jy gehoor, en so was die gerug. Maar, Lycidas, te midde van oorlogswapens is ons poësie soveel werd as wat hulle beweer die duiwe[2] van Chaonië werd is wanneer die arend opdaag. En as 'n kraai aan my linkerkant my nie vooraf van 'n uitgeholde eik af gewaarsku het om die nuwe dispuut op die een of ander wyse te beëindig nie, sou jou vriend Moeris hier, en ook Menalcas self nie meer geleef het nie.

L. : Helaas! kan sulke ontsaglike boosheid iemand oorval? Helaas! jou troosliedere, Menalcas, is so amper saam met jou van ons af weggeskeur! Wie sou dan van die Nimfe gesing

het? Wie sou die grond met blomryke kruie bestrooi, of die fonteine met groen skadu oordek het? Of daardie liedjies wat ek heimelik by jou afgeluister het nou die dag toe jy op pad was na ons liefling, Amaryllis, toe?: 'Tityrus, laat my bokke wei tot ek terugkom – die pad is kort – en as hulle dikgevreet is moet jy hulle water toe jaag, Tityrus, en pas tog op om nie die ram so tussen die aanjaag deur raak te loop nie – hy stamp jou met sy horing!'

M. : Nee! liewer hierdie een wat hy, hoewel nog onvoltooi, vir Varus[3] gesing het: 'Varus, die swane sal jou naam besing en na die sterre dra, as Mantua maar net vir ons behoue bly – Mantua, helaas!, te na aan arme Cremona!'

L. : Hef aan, as jy iets het om te sing, en mag jou byeswerms dan die taksisbome van Korsika[4] vermy, en jou koeie, dikgevreet aan lusern, hulle uiers styf laat swel. Ook vir my het die dogters van Piëria 'n digter gemaak, ook ek het my gedigte, en ook vir my noem die herders 'n digtersanger; maar ek glo hulle nie. Want tot sover lyk dit nie of ek verse van die gehalte van Varius[5] of Cinna[5] s'n sing nie, maar asof ek soos 'n gans tussen melodieuse swane gaggel.

M. : Dis inderdaad waarmee ek besig[6] is, Lycidas, en in stilte dink ek by myself na of ek dit kan onthou; dit is ook nie sommer 'n ordinêre lied nie: 'Kom hier na my toe, Galatea! Wat se pret is daar tog in die golwe? Hier is dit stralende lente; hier by die strome strooi die aarde sy veelkleurige blomme; hier leun die silwerpopulier oor die grot, en die buigsame wingerdranke vleg 'n skaduryke lushof. Kom hier na my toe, en laat die rasende golwe die kuslyn beuk.'

L. : Wat van daardie verse wat ek jou eensaam in die helder nag hoor sing het? Ek onthou die melodie – as ek my net die woorde kon herinner:

'Daphnis, waarom kyk jy op na die opgang van die ou sterrebeelde? Kyk! die ster van Caesar[7], spruit van Dione, het opgekom, 'n ster waardeur die oeslande hulle in hul graan verbly en die druif teen sonbestraalde heuwels sy kleur verkry. Ent jou peerbome, Daphnis; jou kleinkinders sal jou vrugte pluk.'

M. : Die tyd beroof ons van alles, ook van ons geheue. Ek onthou dat ek dikwels as seun lang somerdae met gesang ter ruste gelê het. Maar nou het so baie liedjies my ontgaan; ook sy stem self het vir Moeris nou in die steek gelaat; die wolwe het vir Moeris eerste raakgesien.[8] Ewenwel, hy sal weer vir jou daardie verse wat jy wil hoor vaardig genoeg voordra ..... ja, dikwels ..... hy wat Menalcas is.

L. : Met jou verskonings skuif jy my verlange[9] op die lange baan. Haai, en nou lê die hele see glad en stil en, kyk net, elke vlagie van die ruisende wind het gaan lê. Presies van hier af is dit nog halfpad vir ons, want Bianor se graf begin 60
binne sig te kom. Hier waar die boere die digte blare afstroop, Moeris, laat ons hier sing. Sit jou boklammers hier neer, ons sal die stad wel haal. Of as ons bang is dat die nag reën mag bring voor ons daar is, kan ons onafgebroke sing-sing aanstap – so sal die pad minder swaar wees. Ek sal jou van hierdie las verlig sodat ons sing-sing kan aanstap.

M. : Sê niks verder nie, ou seun, en laat ons die taak onderneem wat nou dringend is. Ons sal ons liedere beter sing wanneer Menalcas self gekom het.